LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

# Goedes Nuusbrief

NUUSBRIEF 36/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Hoeveel druk?

“Being challenged in life is inevitable, being defeated is optional.” - Roger Crawford. Ons vergeet soms die belangrikheid daarvan om uitgedaag te word. Groei kan slegs plaasvind wanneer grense verskuif word, om die grense te verskuif moet die grens gedruk word. Die maklikste is om byvoorbeeld 'n maklike eksamenvraestel op te stel. Ons skryf die toets, almal doen uitstekend en ons is bly oor die goeie punte. Die vraag is egter, was dit die beste roete om te volg, het groei plaasgevind? Ons as mens hou oor die algemeen nie daarvan om in ongemaklike situasies geplaas te word waar ons nie weet nie, of sukkel. Om te groei moet ons egter in hierdie situasies geplaas word. Daar is 'n baie fyn lyn tussen gesonde en ongesonde druk. Ons as ouers moet die vermoë ontwikkel om dit te weet en ook met ons kinders toe te pas. Die eindeksamen is op hande, in die volgende maand moet ons gesonde druk op ons kinders toepas sodat ons kinders goed daarvoor kan voorberei. Ons moet egter waak teen ongesonde druk, om kinders te druk om te werk bo hulle vermoë. Dit is belangrik dat ons in die komende tyd bid vir wysheid en insig, sodat ons, ons kinders op ‘n gesonde manier deur die eindeksamen kan lei.

## Goegieland

**31 Oktober 2025 - Safaridag**

Baie dankie vir al die ouers se ongelooflike kreatiwiteit en moeite! Ons Goegies het asemrowend gelyk in hul wildbewaarder- en dierekostuums. Dit was 'n dag vol lag en avontuur in die “Goegie-wildernis”!

**Gr R Gradeplegtigheid**

Ons finale reëlings vir die groot aand sal hierdie week gedeel word. 'n Video met al die besonderhede sal op die klasgroepe geplaas word. Ons sien uit na 'n spesiale aand vol trots en dankbaarheid vir ons Graad R-maats!

**Deurlopende assessering**

Ons is steeds besig met assesserings in die klaskamers. Ons vra vriendelik dat kleuters nie onnodig afwesig is nie — elke dag is belangrik vir hul leer en groei.

**21 November 2025 - Kleuterskool Kersfees & Somerfees**

Ons sluit die jaar af met ons Kersfees en Somerfeesviering op Vrydag, 21 November 2025. Volledige inligting sal binnekort op die klasgroepe gedeel word. Dis altyd 'n hoogtepunt van die jaar – vol vrolikheid, sang en glimlagte! Onthou asseblief om 'n geskenk van niks meer as R100 te stuur teen 18 November 2025. Dogters bring 1 dogters geskenk en seuns bring 1 seuns geskenk. Die geskenke sal uitgedeel word deur “pass the parcel” te speel. Dankie dat julle saam met ons die vierde kwartaal so besonders maak!
Groete uit Goegieland




## Week se Program

### 3 November 2025

- Gradeplegtigheid
- Gholf MPU Finaal

### 4 November 2025

- Rugby o/8 te LS Baanbreker
- Gholf Hoëveldgroep
- Begrotingsvergadering

### 6 November 2025

- Rugby o/8 te LS Baanbreker

### 7 November 2025

- English Day - Dress as a Vowel

## Dankbaarheid

Ons is dankbaar vir God wat ons help om goeie planne te maak.

## Interne Redenaars

Die tonge het geklap by ons jaarlikse interne redenaarskompetisie! Vanaf Graad R tot en met Graad 6 het hulle hul sê kom sê en die beoordeelaars het omtrent aan elkeen se lippe gehang! Baie geluk aan elke leerder wat deelgeneem het! Om so mooi te kan praat is ‘n wonderlike talent!




## Begrotingsvergadering

### 4 November 2025


# Akademiese Top 10 – 3de Kwartaal

## Graad 4
































## Graad 5
































# Akademiese Top 10 – 3de Kwartaal

## Graad 6




## Graad 7



# Gholf

Baie geluk aan ons A-span wat as naaswenners in die IPS-afdeling van die gholfliga aangewys is. Hulle neem op Maandag, 3 November 2025 deel aan die Mpumalanga Finaal te Witrivier.


**A-span**

Mikayla Smit
Mieke Bam
Sebastian Stratford
Jaydee Pruis











# Gholf Hoëveldrif

Op Donderdag, 30 Oktober 2025 het Goedehoop se dogters- en seunspan aan die Hoëveldrif Toernooi deelgeneem. Die dogterspan (Mikayla Smit en Mieke Bam) het die IPS-afdeling gewen met die dogtersliga en 'n 2de plek behaal met die Zero-afdeling. Baie geluk aan Mieke Bam, Sebastian Stratford en Jaydee Pruis wat gekies is vir die Hoëveldrifspan.









# Dans Artistatue Finaal

Artistatue Finaal - DansOns het die finale uitslae vir die dans van 20 Oktober 2025 se deelname en dit was onder ons aandag gebring dat hulle 'n fout gemaak het. Ons wil graag vir Melandie Faber geluk sê met 'n 2de plek wat sy ontvang het tydens die geleentheid.




# Krieket

Ons harte bars behoorlik van trots! Baie geluk aan ons o/12-krieketspan wat 2de in Mpumalanga geëindig het. Dit was 'n heerlike dag met goeie sportmansgees. Baie geluk aan Laerskool Nelspruit, julle het ons seuns behoorlik bederf met hul geskenkie - baie dankie! Baie dankie aan Novatee wat die borg vir die dag was.




Tristan Landsberg, Jayden van Aswegen, Nathan van Niekerk, Ewan Rynders, Zian Mocke, CJ Meyer, Mnr. JC Oosthuizen, Sebastiaan Matthee, Jayden Ferreira, Nico van der Westhuizen, Jeandre Oosthuizen, Daantjie Lesch, Mynhardt Röhrbeck, Allister Walters, Mnr. Abrie van Zyl




| 3 Nov | 4 Nov | 5 Nov | 6 Nov | 7 Nov | 8 Nov | 9 Nov |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Elzené Fourie<br>Bjorn Schoeman | Bernice Willmans | Katy Mathews<br>Riandri Kritzinger<br>Caleb Venter | Katelynn Kruger<br>Ilinche Schépers | | Mason Labuschagne<br>Klara Meyer<br>Hanicka Schmidt | Hugo Ellis<br>Adrian Funga |

# Hokkie

Ons sê baie geluk aan die volgende hokkiespelers wat opgeneem is in hul betrokke ouderdomsgroepe se oefenspan.

**o/12-seuns**

Jason Stratford
Clayton Schreuder - Reserwe

**o/13-dogters**

Mikayla Smit

**o/13-seuns**

Daantjie Lesch
Ewan Rynders - Reserwe

















# Atletiek

Baie geluk aan ons atlete wat tydens Saterdag se Super 12 Atletiekbyeenkoms podiumplekke behaal het.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Emma du Plessis | - | 3de | 1200m o/12D |
| HW Meyer | - | 3de | Spiesgooi o/12S |
| Dian Viljoen | - | 2de | 100m o/13S |










LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr. Gawie van Niekerk
Prinsipaal



LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

# English Day – Term 4

## Dress like a vowel...

**7 Nov– Friday**



A– Army



E– Egyptian



I – Inventor



O – Oscar



U – Umpire

Only Grade 1-7 will be participating

# Fear factor LIVE



TYD DAT JUFFROU
Ń WURM OF 2 EET...





**DATUM:**
**14 NOV**

**R 20**
VIR Ń STEM BLADSY

PAY BACK TIME